Redaksioneel (2)

Dalene Vermeulen en Marius Swart

Die tweejaarlikse USAN: Kongres vir Jong navorsers | Conference for Young Scholars word sedert 2014 deur die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch aangebied. Hierdie intertalige en interdissiplinêre kongres is enig in sy soort, aangesien dit aan enige jong navorsers wie se navorsing verband hou met die letterkunde, taalpraktyk en formele of toegepaste taalkunde, die geleentheid bied om hulle eie navorsing in 'n ontvanklike omgewing met hulle akademiese eweknieë te deel.

Hierdie spesiale uitgawe van die *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* bevat vyf artikels wat voorspruit uit referate van 2020 se USAN-kongres. Ons spreek ons dank uit aan die hoofredakteur, Marni Bonthuys, en die SAVN vir die bereidwilligheid om hierdie uitgawe aan jong navorsers af te staan. Gegewe die aard van die kongres, is die artikels in hierdie nommer van die *TN&A* heerlik divers in onderwerp en inhoud.

Maret Blom stel in haar artikel 'n teoretiese model voor waarvolgens 'n Afrikaanse aanlyn redigeerwoordeboek vir die akademiese gebruiker ontwikkel kan word. Ten einde vas te stel wat presies by hierdie woordeboek ingesluit behoort te word, het Blom onderhoude gevoer met vryskutredigeerders en bestaande naslaangidse vergelyk. Hierdie artikel is gegrond op die eerste gedeelte van 'n groter navorsingsprojek wat uiteindelik tot die samestelling van so 'n aanlyn akademiese redigeerwoordeboek kan lei.

Frederick Botha lees en ontleed Helena Gunter se kortverhaal "Angelus Novus Africanus" uit die bundel *Tweespoor* (2018) aan die hand van Christi van der Westhuizen se *Sitting pretty: White Afrikaans women in postapartheid South Africa* (2017). Dit is veral Fransina, die hoofkarakter, wie se uitgangspunte en ervaringe met Van der Westhuizen se opvattings oor hedendaagse Afrikaneridentiteit vergelyk en gekontrasteer word. In die bespreking word 'n "nuwe manier van dink" oor brandpuntkwessies soos witbevoorregting, skuld en boetedoening en die Afrikanervrou se belewenis daarvan, aangebied.

Courtneigh Ess en Marni Bonthuys ondersoek die representasie van die vroulike subjek in Bettina Wyngaard se misdaadroman *Vuilspel* (2013). Die interseksionaliteitsteorie en veral Collins (2000) se nosie van magsdomeine word aangewend om die wisselwerking tussen identiteit, mag en onderdrukking in die roman te ondersoek. Dit is Wyngaard se uitbeelding van die hoofkarakter, polisiekaptein Nicci de Wee, wat lei tot die daarstel van progressiewe beelde van swart vroulikheid en subjektiwiteit, en uiteindelik aanleiding gee tot

die ondermyning van stereotiperende uitbeeldings van die swart vrou in die Afrikaanse letterkunde.

Danie Stander bespreek in sy bydrae Nerina Ferreira se Afrikaanse vertaling van Astrid Lindgren se Pippie Langkous-reeks en fokus spesifiek op die ontwrigting van Afrikanernasionalistiese ouderdoms- en genderkonstruksies wat in die sewentigerjare in Suid-Afrika gegeld het. Dit is Pippie se rebelsheid, ongekende fisieke krag en selfvertroue wat aan die reeks 'n ondermynende en teenhegemoniese kleur verleen.

In die laaste artikel onderneem **Anke Theron** 'n verkennende ondersoek na die bekende kinderboekkarakter Peter Pan as transgressiewe figuur in kinder- en volwasseneliteratuur. Die Lacaniaanse psigoanalise asook Alice Miller se '(her)belewingsproses' en die 'verwonde kind' word aangewend. Theron kom tot die gevolgtrekking dat Peter Pan inherent transgressief is omdat hy tussen Lacan se simboliese en verbeelde ordes beweeg, terwyl die gebruik van 'n kinderhoofkarakter help om die teks relevant te maak vir sowel kinder- as volwassenelesers.

In die splinternuwe resensie-afdeling pryk resensies uit die pen van twee ander belowende jong navorsers en USAN-deelnemers. **Jerome Coetzee** bespreek die bekroonde digter Alfred Schaffer se *Mens dier ding* (2018) terwyl **Janet Neethling** *Ek is Hendrik Witbooi* (2019) deur Conny Braam resenseer. Beide boeke is deur Zandra Bezuidenhout in Afrikaans vertaal.

Ons bedank hiermee die keurders vir die volledige terugvoer op die artikelvoorleggings, asook die deelnemers wat, te midde van 2020 se ongekende en uitdagende omstandighede, volhard het en hierdie publikasie moontlik gemaak het.

Universiteit Stellenbosch